








JAKARANDA e-KAMP VAKANSIE UITDAGINGS



Kursus / Aktiviteit: e-Weerkennis (e-☀️)

Voltooi die aktiwiteite / oefeninge / of soek die inligting. Hulp kan verkry word. Versprei dit oor die tydperk en doen eerder meer as die minimum. Indien daar iets is wat nie moontlik is in jou omstandighede nie, doen iets anders waartoe jy wel toegang het. Jy kan foto's neem terwyl jy besig is met die aktiwiteite en aanstuur vir ons, Jakarandakamp@gmail.com, om op FB te laai. Bo alles – GENIET DIT!

<p>DAG 1 Die Here het die aarde wonderlik geskape.</p> <p>Teken die son opkoms/ondergang of neem 'n foto.</p> <p>Soek in jou Bybel op waar die Bybel weerverskynsels noem. Skryf 'n paar versies neer.</p>	<p>DAG 2 Vind uit wat is die verskil tussen Weer en Klimaat.</p> <p>Maak 'n tabel om die verskille te wys.</p>	<p>DAG 3 Wat is Weer en waar kom dit vandaan?</p> <p>Maak 'n plakkaat van die weerselemente.</p> <p>Deel 'n interessante feit of twee oor die weer?</p>	<p>DAG 4 <u>Neerslag:</u> is 'n atmosferiese verskynsel waar water in die vorm van waterdruppels, (ys, of sneeu), meestal afkomstig uit wolke, na die aarde val.</p> <p>Vind uit en skryf die 4 vorme van neerslag neer?</p>	<p>DAG 5 Weet jy wat is dou, ryp en mis?</p> <p><u>Maak dou:</u> Plaas ys in 'n blikbeker. Laat staan vir 1 minuut. Kondensasie vind plaas aan buitekant van beker. Dou is kondensasie in die natuur.</p> <p><u>Maak ryp:</u> Plaas ys in blikbeker. Gooi 4 lepels sout oor, veral aan die kante. Laat staan vir 1 minuut. Ryp vorm aan die buitekant van die beker. Waterdamp (gas) vries. Nie kondensasie wat vries nie.</p>
<p>DAG 6 Reënval: Suid Afrika het 4 reënvalstreke. Vind uit en skryf hulle neer.</p> <p>Weet jy hoe ons reën meet?</p> <p>Kom ons bou 'n reënmeter: Jy benodig die volgende:</p> <ul style="list-style-type: none"> • 'n Leë 2 Lt plastiek bottel. • Sout, klei/klippies vir die bodem van die bottle. • Die strokie met 1cm afmetings soos op 'n liniaal. 	<p>DAG 7 <u>Reënboë:</u> Het jy geweet reënboë vind plaas wanneer dit reën terwyl die son skyn. Rooi op buitenste band, violet op binneste band. Reëndruppels vorm prisma's wat die sonlig buig deur die druppels. Die son moet agter jou wees. Wanneer die sonstrale dubbel reflekteer word, vorm daar 'n tweede reënboog met die kleure andersom.</p> <p>Maak 'n reënboog</p> <ul style="list-style-type: none"> • Plaas 'n deurskynende glas met water op 'n vensterbank waar die son helder inskyn. • Plaas 'n groot stuk wit papier op die vloer onder die venster. • Jy sal 'n reënboog sien op die papier. <p>(Die glas met water buig die sonstrale op soortgelyke wyse as wat 'n glasprisma dit doen.).</p>	<p>DAG 8 Weerlig: Natuur se elektrisiteit, dit is wat weerlig is.</p> <p>Vir 'n bietjie pret, vryf jou voete vining op die mat en raak aan iemand. Voel jy daardie skok, dit is hoe dit in die natuur gebeur. Wrywing tussen wolkdruppels tydens turbulensie veroorsaak statiese elektrisiteit.</p> <p>Vind uit hoe bepaal mens die afstand van die weerligstraal van jou af.</p> <p>Vind uit wat is die veiligheidsaspekte wanneer daar weerlig in die lug is.</p>	<p>DAG 9 Lugdruk: Wat is Lugdruk?</p> <ul style="list-style-type: none"> • Hoe swaar lug op die aarde druk • Hoog – koue swaar lug daal • Laag – warm ligte lug styg • Lug beweeg van hoë na lae druk om balans te herstel • Veroorsaak so wind <p>Maak 'n barometer:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Glasbottel • Ballon (helium) • Rekkie • Sosatiestokkies • Halwe kurkprop • Skaal van karton • Gom 	<p>DAG 10 Wolke: Weet jy hoe word wolke gevorm?</p> <p>Vind uit van en skryf 'n paar wolksoorte neer.</p> <p>Maak 'n wolk plakkaat Jy benodig die volgende:</p> <ul style="list-style-type: none"> • A3 kartonvel • Watte • Penne, potlode, skêr en gom 
<p>DAG 11 <u>Wind:</u> Weet jy waar kom wind vandaan? Vind uit en skryf al die windrigtings neer? Waarmee word windspoed gemeet? Maak 'n weerhaan/anemometer:</p>  <p>Illustrasie: NASA</p>	<p>DAG 12 Bou 'n termometer</p> <ul style="list-style-type: none"> • Plastiese houër • Strooitjie • Gom • Skaal - Temperatuur word gemeet in °C (Celsius) • Etanol of alcohol ontsmettingsmiddel met kleursel gemeng met bietjie water. 	<p>DAG 13 Nou dat ons al die verskillende instrumente gebou het, kan ons 'n weerstasie bymekaar sit.</p> <p>Hoekom moet ons weet wat is die weer? Bespreek met jou huismense.</p> <p>Daar is nog soveel meer om te leer van die Weer en al die aspekte van die weer.</p> <p>Maar ek hoop jy gaan nog meer oor die onderwerp oplees en leer.</p>	<p>DAG 14 Doen aktiwiteit 1</p>	<p>DAG 15 Doen aktiwiteit 2</p>

Aktiwiteit 1 :

Pas die regte betekenis by die idioom of uitdrukking.

- | | |
|---|---|
| 1) Dit reën katte en honde | A Baie vinnig wees |
| 2) Mooiweersvriend | B iets laat staan vir 'n rukkie |
| 3) Daar is 'n donderstorm op sy gesig | C 'n Baie soet/ gehoorsame kind wees |
| 4) Elke donker wolk het 'n silwer randjie | D Net maats as dit goed gaan |
| 5) So vinnig soos blits | E As jy in die moeilikheid is |
| 6) Kop in die wolke wees | F Dit reën baie hard |
| 7) Onder 'n wolk wees | G Nuwe kind met oulike idees |
| 8) Storm in 'n teekoppie | H Als loop verkeerd |
| 9) Eendag op 'n reëndag | I Hy is nors / kwaad |
| 10) Die ys breek | J Onrealistiese / onpraktiese idees hê |
| 11) Iets op ys sit | K Groot bohaai opskop oor niks |
| 12) Op dun ys loop | L Die spanning verlig |
| 13) Iemand 'n koue skouer gee | M Alles verloop goed / maklik |
| 14) Hy is 'n vars briesie | N Gebeur baie min, miskien eendag |
| 15) 'n Sonstraaltjie wees | O Jy moet versigtig wees |
| 16) Wind van voor hê | P Elke slegte gebeurtenis het 'n goeie ding |
| 17) Wind van agter af hê | Q Iemand ignoreer |

Weerinstrumente

1. Rangskik die woorde.
2. Trek 'n lyn om die woord met die regte prentjie te verbind.
3. Trek 'n lyn om die prentjie met die regte funksie te verbind.



~~maetmaat~~

~~windaria~~

~~rebarorte~~

~~temotemreor~~

~~ermetreer~~



Meet
~~windspoed~~

Meet die
~~hoeveelheid~~
~~reën~~

Meet
temperatuur

Meet
lugdruk

Bepaal
windrigting

Weer en klimaat Woordsoek

L	R	E	T	E	M	O	M	R	E	T	N	O	S	T	N	N
K	V	D	O	U	Y	L	R	E	E	W	F	T	U	Y	K	C
I	E	O	R	G	E	T	N	A	L	P	M	V	H	R	U	F
N	Y	T	S	E	O	W	M	H	U	M	Z	A	T	V	R	R
R	T	G	R	A	S	V	E	L	D	Z	S	N	U	Y	D	E
P	E	K	L	O	W	N	M	V	I	D	R	E	R	R	G	T
M	C	H	J	W	S	E	W	G	P	E	O	M	E	U	U	E
A	W	V	W	M	N	E	B	E	E	N	V	O	E	U	L	M
D	I	C	L	P	E	R	W	N	R	Z	V	M	N	T	A	O
R	N	H	P	R	E	O	B	J	E	Z	U	E	M	A	S	R
E	D	R	L	T	U	O	S	B	T	M	W	T	E	R	A	G
T	E	I	M	D	O	Y	J	C	E	I	L	E	T	E	V	I
A	G	D	X	G	W	N	F	C	M	S	V	R	E	P	A	H
W	N	T	A	A	M	I	L	K	O	J	G	P	R	M	N	T
L	S	K	X	A	C	T	K	A	R	G	Y	J	I	E	N	R
Z	R	E	E	F	S	O	M	T	A	R	I	T	Y	T	A	K
Q	R	F	E	H	A	K	C	C	B	K	H	A	E	L	H	F

Anemometer
 Atmosfeer
 Barometer
 Dou
 Grasveld
 Hael
 Higrometer
 Klimaat
 Lugdruk

Mis
 Plantegroei
 Reën
 Reënboog
 Reënmeter
 Ryp
 Savannah
 Sneeu
 Son

Temperatuur
 Termometer
 Waterdamp
 Weer
 Weerlig
 Wind
 Woestyn
 Wolke
 Woud

Veels geluk!! Jy het die e-Weerkennis (gr 5) - aktiwiteit van Jakaranda Voortrekkerkamp 2020 se e-kamp suksesvol voltooi!
Ons hoop jy het pret gehad en ook iets geleer.